AROS IN SAMEWERKING MET PRETORIA FM & RAPPORT ONDERWYSFONDS BIED AAN

PRESTIGE

ONDERWYSBEURS

WEN EEN VAN DRIE BEURSE

BEd in Grondslagfase
BEd in Intermediêre Fase
BEd in Senior Fase en VOO

TER WAARDE VAN
R250 000,00
PER KWALIFIKASIE

ONDERWYSBEURS SLUIT IN:

Studiekoste | Klasgeld | Registrasiegeld | Handboeke en studiegidse

Aansoeke open: 26 Julie 2021
Aansoeke sluit: 15 Oktober 2021
Aankondiging van wenner: 5 November 2021

WWW.AROS.AC.ZA | INFO@AROS.AC.ZA | 012 332 3227

Doel

Die beurs het ten doel om drie top- presterende Afrikaanse studente die geleentheid te bied om sy/haar vierjaar-onderwysgraad by Aros **kosteloos** te voltooi.

Waaruit bestaan die beurs?

Aros, in samewerking met Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds, bied aan drie verdienstelike studente die geleentheid om die Prestigeonderwys-studiebeurs vanaf 2022 vir 'n studietydperk van vier jaar by Aros te wen. Die beurse beloop R250 000,00 elk oor die vier jaar en sluit die volgende in:

- **Ten volle betaalde BEd Grondslagfase-graad wat die volgende insluit:**
  - alle voorgeskrewe handboeke en studiegidse
  - alle studie- en klasgeld
  - registrasiegeld

- **Ten volle betaalde BEd Intermediêrefase-graad** in een van twee vertakkings: Wiskunde en Natuurwetenskappe **of** Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe. Hierby is die volgende ingesluit:
  - alle voorgeskrewe handboeke en studiegidse
  - alle studie- en klasgeld
  - registrasiegeld

- **Ten volle betaalde BEd Senior Fase en VOO-graad** in een van die drie vertakkings: Natuurwetenskappe **óf** Tale, **óf** Ekonomiese Bestuurswetenskappe. Hierby is die volgende ingesluit:
  - alle voorgeskrewe handboeke en studiegidse
  - alle studie- en klasgeld
  - registrasiegeld

Aros sal 'n beurswenner vir elkeen van die bogenoemde grade aanwys.

Wie mag aansoek doen, is:

- Graad 12-leerders van 2021 met 'n gemiddeld van 75% en hoër; en

- persone tot en met die ouderdom van 21, wat reeds skool met 'n gemiddeld van 75% en hoër voltooi het.

By die beoordeling van die aansoeke sal die volgende in aanmerking geneem word:

1. Akademie

1.1 Leerders tans in Graad 12: beide Graad 11- finale punte en Junie-eksamenpunte in Graad 12. Finale keuring is aan Graad 12- finale punte onderhewig.

1.2 Voornemende studente wat reeds Graad 12 voltooi het: Graad 12- finale punte.

2. Deelname aan buitekurrikulêre aktiwiteite:

2.1 Skool- en ander leierskapsposisies vanaf Graad 8 tot Graad 12
2.2 Sport- en kultuurdeelname vanaf Graad 8 tot Graad 12
2.3 Gemeenskapsdiens
2.4 Stokperdjies

Hoe om aansoek te doen:

- Doen aansoek om in 2021 by Aros te studeer op Aros se aanlyn Aansoekportaal.
- Laai alle nodige dokumentasie op jou profiel.
- Betaal die aansoekfooi van R250.
- Voltooi die beurskompetisie-aansoekvorm op die Aansoekportaal.

Dokumentasie wat vir inskrywing benodig word:

- Aros se aanlyn aansoekvorm
- Prestigeonderwysbeurs- aanlyn aansoekvorm
- Gesertifiseerde Graad 11-eindeksamenpunte en Graad 12-Junie-eksamenpunte
- Getuigskrif vanaf die skool met alle buitekurrikulêre aktiwiteite daarop aangedui vanaf Graad 8 tot Graad 12 – die skool se stempel moet ook hierop verskyn (geen bykomende dokumente, bv. sertifikate, word benodig nie).

- Matrieksertifikaat indien die aansoeker matriek voltooi het.
- Gesertifiseerde afskrif van ID-dokument

Aansoek- en sluitingsdatums:

Beursaansoeke open: Maandag, 26 Julie 2021.
Beursaansoeke sluit: Vrydag, 15 Oktober 2021.
Aankondiging van beurswenner: Vrydag, 5 November 2021.

Bepalings en voorwaardes:

- Alle verdienstelike persone met 'n gemiddeld van 75% en hoër wat belangstel om hul roeping in die onderwys te vervul, kan aansoek doen.
- Die Prestigeonderwysbeurs is beskikbaar vir een van die volgende kwalifikasies per graadfase:
  - BEd Grondslagfase
  - BEd Intermediêre Fase – Wiskunde en Natuurwetenskappe **OF**
  - BEd Intermediêre Fase – Lewensvaardighede en Sosiale Wetenskappe
  - BEd Senior Fase & VOO – Natuurwetenskappe **OF**
  - BEd Senior Fase & VOO – Tale **OF**
  - BEd Senior Fase & VOO – Ekonomiese Bestuurswetenskappe
- Die beursgeld word slegs aan studente toegeken wat vanaf 2022 ingeskryf is om by Aros te studeer.
- Rapport Onderwysfonds sal aan die naaswenner in die Intermediêre Fase en Senior & VOO-fase 'n ROF-leningsbeurs aanbied ter waarde van R30 000 elk vir Jaar 1 van die naaswenner se studie (besoek www.rof.org.za vir inligting rakende die voorwaardes en terme van 'n ROF-leningsbeurs).
- Terme en voorwaardes, soos in die beurskompetisie vervat, sal ook van toepassing wees op die toestaan van 'n ROF-leningsbeurs.

Reëls:

- Die reëls en inligting op hierdie kompetisieblad vorm deel van die voorwaardes en bepalings vir deelname en inskrywing.
- Deelname aan die kompetisie impliseer dat die kompetisie se bepalings, reëls en voorwaardes, tesame met die spesifieke beursvoorwaardes en die Aros-studievereistes aanvaar word.

- Indien enige inligting op die aansoekvorm vals is of sou daar enige wanvoorstellings wees, sal die aansoek summier afgekeur word.
- Geen persoon wat by Aros, Pretoria FM of Rapport Onderwysfonds werksaam is, sal toegelaat word om aan die kompetisie deel te neem nie.
- Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds behou die reg voor om 'n onderhoud, wat gepubliseer of uitgesaai mag word, met die wenners te voer, foto's te neem, ens.
- Deelname aan hierdie kompetisie dui daarop dat toestemming gegee word om deur Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds gekontak te word.
- Vul asb. die aansoekvorm **volledig** in. Enige onvolledige aansoeke of addendums wat nie aangeheg is nie, kan tot gevolg hê dat die aansoek sonder enige kennisgewing afgekeur word. U gaan dus uself benadeel as inligting nie volledig deurgegee word nie.
- Beurs- en prysgeld mag nie oorgedra óf geskenk, óf vir kontant omgeruil word nie.
- Beursgeld is slegs vir inskrywings gedurende 2021 vir 2022-studie.
- Alle deelnemers vrywaar Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds van enige skade en/of koste voortspruitend uit eise deur deelnemers tydens hul deelname aan die kompetisie.
- Slegs een inskrywing per deelnemer sal voldoende wees.
- Die kompetisie sal vanaf 06:00 op 19 Julie 2021 tot 23:59 op 5 November 2021 oop wees.
- Om vir die beurs in aanmerking te kom, mag jy nie by 'n ander instelling vir die tydperk van jou studie by Aros studeer nie.
- Indien Aros, Pretoria FM en/of Rapport Onderwysfonds nie daarin slaag om die beurswenner binne twee werksdae na die sluiting van die kompetisie telefonies te bereik nie, sal 'n ander wenner aangewys word.
- Die wenners van die Prestigeonderwysbeurs sal op 5 November 2021 aangewys word.
- Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds is nie aanspreeklik vir enige tegniese fout wat daartoe kan lei dat 'n inskrywing nie suksesvol ingedien word nie. Aros, Pretoria FM en Rapport Onderwysfonds aanvaar geen verantwoordelikheid vir inskrywings wat verlore raak, vertraag word of nie afgelewer word nie. 'n Stuurbewys (bewys van e-pos gestuur) is nie 'n bewys

van ontvangs nie. 'n Inskrywer moet self ontvangs van sy/haar inskrywing bevestig.

- Die student is self vir verblyf tydens sy/haar studie verantwoordelik.
- Die student is self vir vervoer tydens sy/haar studie verantwoordelik.
- Die student is self vir koste buiten klasgeld, handboeke en studiegidse, soos per studiejaar deur Aros voorgeskryf, verantwoordelik.
- Die beurswenner moet toestem dat Studentesake, Administrasie, Finansies en Bemarking & Kommunikasie hom/haar mag opvolg en kontak vir die monitering van sy/haar studie.
- Handboekaankope: Slegs handboeke en studiegidse wat vir die student/beurswenner se studie voorgeskryf word, kan by Aros se boekwinkel aangekoop word. Dit vorm ook deel van die beurswenner se wenpakket.
- Registrasiegeld per jaar: Geld word deur Aros se finansiële afdeling geadministreer.
- Studie moet binne vier jaar voltooi word. Die student moet gedurende die vier jaar deurgaans 'n gemiddelde persentasie van 65% behaal en mag ook geen vakke druip nie. Indien die beurshouer 'n vak druip of sy/haar jaar druip, verval die beurs. Die beurshouer sal ook verantwoordelik gehou word vir die terugbetaling van die studiebeurs se uitstaande bedrag vir die spesifieke jaar wat gedruip is.
- Die beurs dek alle klasse wat op die Aros-kampus, tans geleë in Waverley, Pretoria, aangebied word sowel as aanlyn klasse ter voltooiing van die graadstudie binne vier jaar.
- Die aansoeker gee hiermee toestemming dat die akademiese uitslae by die aansoeker se skool/instelling direk deur Aros aangevra mag word.
- Daar sal van enige Aros-beurswenner verwag word om 'n skulderkenning in te vul alvorens so 'n beurs bekragtig word.
- Die beurswenner word voorlopig deur rekordeksamenpunte gekeur en is aan finale matriekuitslae onderhewig.
- Voornemende studente wat reeds Graad 12 voltooi het, sal op grond van hul Graad 12-punte gekeur word.
- Geen korrespondensie sal gevoer word rakende die uitslag van enige aansoek nie.

Navrae
Navrae kan skriftelik aan info@aros.ac.za gerig word.